

**3 April**

**Johannes 19:17-37, (Teks: 19:30)**

***Wat Christus vir ons volbring het***

Dit weet ons nie. Net Hy alleen weet wat die inhoud was van daardie sug voor sy sterwe. In Grieks net een woord. In Afrikaans: "Dit is volbring". Hierdie "dit" is dalk die gewigtigste woord wat ons Here ooit gespreek het. Dit beskryf sy volle lyde om ons skuld te versoen. Dit dek ook die volle heerlijkheid wat Hy daardeur vir ons berei het.

Is dit wat Hy aan ons gee dan voorspoed? Wel, in 'n sekere sin, nie. Hy het immers nie die Christene van sy tyd van die Romeinse juk verlos nie. Is dit dalk rykdom, welstand, 'n lang lewe met goeie gesondheid? Natuurlik nie altyd nie, dit weet ons goed. Is "dit" dan kos, klere, huisvesting, vervoermiddels? Dit is ja. Wie na die Here opsien, ly immers geen gebrek nie.

Tog lê hierdie "dit" wat Christus vir ons volbring het, ook nog oneindig dieper. Dis daardie wonderbare genadegawe wat die Bybel sy seën noem. Daardie spesiale iets wat alleen waarlik gelukkig maak.

Sonder "dit" in jou lewe is alles vaal en mistroostig, al glinster dit ook van aardse prag. Daarsonder kry geen verhoudinge koers nie. Want daar ontbreek iets. En wat is dit? Wel, "dit"! Met "dit" kan jou lewe maar vaal en vol behoeftes wees. En jy mag dit moeilik hê. Maar jy het "dit": Alles wat Christus vir jou volbring het. Die volle seën van die Vader. Dit maak die lewe 'n fees!

Sing: Psalm 40:3,8

Ds. C.J. Nagel (Potgietersrus)